Publication: QueensburghNews (Main)
Publication Date: 10 Nov 2017
Page: 26

AVE: 9154.20
Circulation: 13089
Part: 1 of 1

Noord-Gauteng Stoei se top presteerders van 2017 spog met hul prestige toekennings by die vereniging se meriete toekenningsgeleentheid die afgelope naweek. **Foto: Marelize Taljaard**

Noord-Gauteng stoei spog met 'n kragjaar

Noord-Gauteng Stoei het in 2017 'n positiewe groei van 16 persent in die aantal stoeiers getoon wat by die vereniging

Koos Venter

Noord-Gauteng stoei se spoggerige meriete-toekenningsfunksie, wat die afgelope naweek by die Blikkantien Restaurant by die Voortrekkermonument aangebied is, het onteenseglik as getuienis gedien dat dié vereniging loshande Suid-Afrika se beste stoeiers oplewer.

Statistieke wat deur die vereniging se president, Jurie Human, bekend gemaak is, het ook bewys dat Noord-Gauteng stoei nie net regoor die wêreld op die stoeimat presteer nie, maar dat die sport ook steeds in Pretoria groei.

Noord-Gauteng stoei het in 2017 'n positiewe groei van 16 persent in die aantal stoeiers getoon wat by die vereniging se 12 klubs geregistreer het.

Altesaam 724 stoeiers was vanjaar aktief onder die vaandel van die vereniging, terwyl daar ook 'n groei van 15 persent onder die aktiewe administrateurs was.

Human het gesê die feit dat die vereniging oor soveel puik administrateurs en skeidsregters beskik, is 'n deurslaggewende faktor wat hulle in staat stel om van die land se grootste toernooie te kan aanbied.

Onder hierdie florerende getalle het dit vanjaar weer gewemel van kampioene.

Die vereniging se stoeiers het vanjaar 147 medaljes by die nasionale kampioenskap ingeryg.

Hiervan was 65 goue medaljes, terwyl 41 stoeiers silwermedaljes gewen het en 41 met bronsmedaljes huis toe kon gaan.

Noord-Gauteng stoei se oorheersing is onderstreep deur die feit dat dié vereniging 12 van die moontlike 19 trofees by die nasionale kampioenskap verower het.

Die vereniging se Bulls-span het die gesogte Noordvaal-toernooi vanjaar vir die 14e keer gewen, wat 'n rekord is.

Die kadette-span het nie minder nie as sewe medaljes van die Afrika kampioenskap teruggebring.

Die meesters van Noord-Gauteng stoei het ook hul deel gedoen deur agt medaljes by die wêreldkampioenskap in Bulgarye te verower.

Onder dié medaljes tel Willem Putter se twee goues (een elk in vrystyl en Grieks-Romeinse-styl), wat sy status as wêreldster in die gemeenskap van meesterstoeiers onderstreep het.

Putter is as Noord-Gauteng Stoei se beste meesterstoeier aangewys.

'n Taai stryd het oudergewoonte geheers tussen Noord-Gauteng stoei se twee top klubs toe die liga trofees uitgedeel is.

Centurion en Tuks het dié afdeling oorheers en Centurion het uiteindelik met 'n kortkop as die beste klub uitgestaan.

Dié klub, wat die vereniging se A-liga wenners was, is ook as 2017 se klub van die jaar aangewys.

This article is copyright protected and licensed under agreement with DALRO. Redistribution, modification, re-sale of this is not allowed without prior written consent of the original author of the works.